

Historiese Oorsig oor die Vorster voorgeslagte in die agtiende eeu.

Saamgestel deur Jan Adriaan Vorster gebore 1961.


Januarie 2006

Voorwoord

Die afgelope 11 jaar het die Vorster familie data basis gegroei vanaf sowat 2 000 tot huidiglik meer as 24 000. Dit is duidelik dat al hierdie informasie saam bewaar moet word om te verhoed eerstens dat werk nie gedupliseer word nie, en natuurlik dat die informasie nie tot niet gaan nie. Dit is dus essentieël om gedurig kontak te bewerkstellig met mede navorsers om sodoende in te lig wat is beskikbaar en ook watter informasie uitstaande is. Dus die internet was en is 'n ideale medium vir die doel. Die eerste basiese Vorster web tuiste was gehuisves onder die Rand Afrikaanse Universiteit se domain in 1997. Dit was dan ook die begin en 'n guldige geleentheid om 'n gesamentlikke poging aan te wend vir die uitbreiding van die Vorster informasie. Vanaf die tydperk is verskeie kostes ondergaan vir die ontwikkeling van die projek. Die nuwe web tuiste, vorster.net, word natuurlik ook met groot waardering vrywillig geborg. Die hoeveelheid gesamentlikke vrywillige ure, dae en jare wat in so 'n projek gaan kan net denkbeeldig beskou word. Dit is ook duidelik dat die web tuiste gedurig meer spasie benodig op die bediener waarby aflaaï metodes verstadig, dus die noodsaaklikheid om dit beskikbaar saam te stel op 'n multimedia CD sodat die data op u eie tyd besigtig kan word.

Inleiding

Vorster-mhd. vorstaere, nhd. Förster, ook Vorster en Ferster, d.i. ndl. houtvester=ambtenaar die belast is met de handhaving van het jacht- en bosrecht in een bepaald distrik. v. Dale. Samestellinge: Holz-, Wildförster. (*Oorsprong en Betekenis van Nederlandse en Duitse Familiename, 1934*)



Vertaling:

Forster (word ook gespel as Förster) is afgelei van die middel eeuse hoog en lae Duitse woorde “forstaere of vorstere” Förster = woud opsigter. Die oudste genoemde name is Ruod. (moontlike moderne betekenis Rudolph) Forster, 1270 in Konstanz asook Walther Vorster, 1288 in Baltenhausen (Überlingen gevestig ook in Konstanz). Aleenlik vir vergelyking is Günther von dem Forste genoem.

Die taal van die oorspronklike Förster/Vorster-familie was Duits, maar dit is nie die Duits van Duitsland nie: dit is Switserduits (Schwytzerdütsch). Beide Bern en St Gallen was deel van Switserland.

Verskeie Germaanse stamme het hulle in die huidige Switserland gevestig, onder andere die Alemanni (van wie die Franse hulle naam vir Duitsland ontleen – Allemagne) en die Suevi. Die Suevi is die mees onlangse, en het hulle ook in die huidige Baden-Wüttemberg en Elsas gevestig. Dus stem die plaaslike dialekte van daardie streke baie ooreen met Switserduits. (Behalwe net: die Duitsers bry, die Switsers nie.)

Hoofstuk 1

I. Agtergrond.

Besetting van die binneland van die Kaapkolonie gedurende die agtiende eeu en die stigting van die verversingspos en nedersetting aan die die Kaap.

Die “ verenigde Oost-Indiese Compagnie” (VOC) ook bekend as die Hollandse Oos-Indiese Kompanjie (HOIK) is in 1602 gestig om die Nederlandse floreerende handel met die ooste onder die gesag en beheer van een handelonderneming te bring. Die VOC is in Amsterdam beheer deur die handelskamer die Here XVIII. Aan hierdie Liggaam is baie wye magte verleen. Dit het oor ’n betreklike groot Militêre mag (Matrose en soldate) beskik om sy skepe en besittings asook om sy oorsese besittings en nedersettings namens die Hollandse regering te beheer en te administreer. Dit het ’n groot en ingewikkelde administrasie en beheerstelsel vereis. Gedurende die 17de eeu het dit baie voorspoedig met die VOC gegaan maar gedurende die 18de eeu het dit om verskeie redes geleidelik agteruit gegaan totdat dit in 1798 insolvent geraak het en ontbind is.

Die doel met die stigting van die verversingspos of nedersetting aan die Kaap in 1652 onder bevel van Kommandeur Jan van Riebeeck was om voldoende vars water, vleis, graan, vrugte en groente aan die verbygaande skepe van die Kompanjie na die ooste en huis-waarts te verskaf. Verder moes daar voedsel vir die garnisoen aan die Kaap voorsien word. Die garnisoen (soldate en matrose) moes die verversingspos teen vyandelike magte beskerm en verdedig. Omdat handelswins die hoofogmerk van die Kompanjie was moes die verversingspos teen die laagste koste in stand gehou en bedryf word. Die kolonisasie van die suidelike punt van Afrika was nooit ’n beplande oogmerk van die Kompanjie nie. Dit sou immers buite sy belange as handelonderneming wat slegs op wins ingestel is, val.

II. Vryburgers

In 1657 het Kommandeur Jan van Riebeeck aan 'n aantal gekeurde beamptes van die nedersetting vryburgerskap verleen om as vrylede op hul eie met 'n selfstandige boerdery te begin. Jan van Riebeeck en sy Kompanjie was van oordeel dat vryburgers met hul eie boerdery beter as die Kompanjie met sy amptenare daarin sou slaag om voldoende voedsel en wel teen laer koste sou kon produseer. Aan die eerste vryburgers is klein hoewes of plasies langs die Liesbeekrivier (Mowbray) toegeken. Hulle moes hulle hoofsaaklik op die produksie van graangewasse toespits hoewel hulle ook vergun is om 'n beperkte getal beeste en skape aan te hou. Daar is egter allerlei beperkings op die vryburgers gelê o.a. moes hulle al hul plaasprodukte slegs aan die Kompanjie verkoop en wel teen vasgestelde en lae pryse. Daar het egter elke jaar al hoe meer vryburgers, meestal uit die amptenary, tot die landbou toegetree. Alihoewel sommige van die vryburgers later tou opgegooi het, het baie van die eerste nedersetters lewens-lank hul boerdery, meestal onder moeilike omstandighede, voortgesit. Baie van hul kinders en dié se nageslagte het as koloniste boere gebly. Tot diep in die 13de eeu het daar jaarliks altyd 'n geringe tog bestendige getal nuwe vryburgers meestal amptenare (soldate, matrose) tot die boerderybedryf toegetree.

Met die instelling van die vryburgerstelsel in 1657 het die koloniserings van suidelike Afrika in werklikheid 'n aanvang geneem. Dit was 'n onkeerbare proses waarteenoor die Kompanjie feitlik magteloos gestaan het. Die Kompanjie was dan ook administratief daartoe ingestel om die kolonisasie van die Kaap die Goeie Hoop ordelik en planmatig te laat geskied nie.

Vir baie jare was die vryburgers nie in staat om genoeg plaasprodukte, d.w.s. voedsel vir die Kompanjie, te produseer nie. Nuwe vryburgers wat wou gaan boer is dus verwelkom en al hoe neer plasies is verder weg van die nedersetting aan die Liesbeek-rivier aan hulle toegeken. Goewerneur Simon van der Stel wat hom besonder vir die akkerbou beywer het, het dan ook 'n nuwe nedersetting wat Stellenbosch genoem is, in 1682 aan die Eersterivier aangelê.

Die koms van die Franse Hugenote in 1689 het die Kompanjie genoodsaak om hulle verder weg van die Kaap in die Drakenstein-Paarl gebied te vestig. Teen die einde van die ampstermyn van Simon van der Stel in 1699 is daar vir die eerste keer genoeg akkerbouprodukte gewen om aan die Kompanjie se behoeftes te voorsien en het die boere gevolglik weer met 'n afsetprobleem te kampe gehad.

Willem Adriaan, seun van Simon van der Stel - goewerneur van 1699 tot 1707, het al die beperkinge wat sy vader op veeboerdery ingestel het opgehef, met die gevolg dat veeboerdery van die begin van die 18de eeu 'n selfstandig en vinnig ontwikkelend bedryf geword het. Dit is hierdie trekker-veeboerpioniere wat gedurende die eerste Driekwart van die 18de eeu die Kaapkolonie tot aan die Visrivier beset en gekoloniseer het.

Dit is bereken dat tussen 1707 en 1749, 790 amptenare vryburgers geword het. (H.J. van Aswegen, p.85.)

III. Die herkoms van die vryburgers

Die eerste vryburgers van 1657 het uit gekeurde amptenare van die Kompanjie bestaan. Die Kompanjie wou graag gehad het dat flukse hardwerkende Nederlanders met boerdery ondervinding na die Kaap moes emigreer om hier as vrylede te kom boer. As aanmoediging het die Kompanjie dan ook vry oortog of passaat na die Kaap aan voornemende emigrante verleen. Maar as gevolg van die welvaart wat Nederland deur sy handel met die ooste in die 17de eeu beleef het, was baie min Nederlanders geneig om in diens van die VOC te tree en veral om na die Kaap te emigreer om hier onder onbekende en vreemde toestande te kom boer. Verder het dit met die boerdery van die vryburgers aan die Kaap nie baie voorspoedig gegaan nie veral weens die swak pryse wat die Kompanjie vir hul produkte betaal het en ook weens die wisselvallige klimaatstoestande.

In teenstelling met Nederland het dit met die Duitsers in die 17de en 18de eeu nie

so goed gegaan nie. Daar was nog nie sprake van 'n verenigde Duitsland nie. As gevolg van oorloë veral die Dertigjarige oorlog (1618 – 1648) was Duitsland geruïneer en het daar groot armoede geheers. Vir baie Duitsers was dit 'n goeie heenkone om as soldate en matrose by die Kompanjie in diens te tree en om na die Kaap te emigreer om hier as vryburgers te vestig.

Wat hulle geloof betref, het die Kompanjie die vereiste gestel dat hulle Protestans, d.w.s. van Gereformeerde of Lutherse geloofsbelydenis moes wees en lidmate van die bestaande Geref. kerke moes word. Eers in 1786 is die Lutherse kerk in die Kaap toegelaat.

Na die moeilikede wat die Kompanjie met goewerneur W.A. van der Stel en die koloniste gehad het, het die Kompanjie vir 'n tydlank nie emigrante uit Nederland aangenoedig om na die Kaap te emigreer nie. So het die Here XVII in 1706-7 besluit om vir 'n aantal jare nie meer vrye oortog aan voornemende emigrante uit Nederland na die Kaap te verleen nie.

Gedurende die 18de eeu het 'n groot aantal Duitsers met die doel om na die Kaap te emigreer, by die Kompanjie se vloot as soldate en matrose aangesluit ten einde vrye oortog na die Kaap te verkry. Voordat hulle aansoek om vryburgerskap kon doen moes hulle 'n sekere tydperk (meestal vyf jaar) in diens van die Kompanjie aanbly.

Dit word bereken dat gedurende die eerste helfte van die 18de eeu sowat 800 beamptes van die Kompanjie - meestal soldate en matrose - vryburgers geword het. Baie van hierdie persone was van Duitse afkoms. Omdat daar min werkgeleenthede in die Kaap was het hulle meestal hul by die veeboerpioniergemeenskap gevoeg. Die vryburgers van Duitse afkoms het nooit as 'n groep bymekaar gewoon nie maar het verspreid saam met die ander veeboere die binneland ingetrek. Hulle is baie gou in die Hollandse gemeenskap geassimileer en Hollands - later Afrikaans - het hulle huistaal geword. Hulle is met die dogters van die Hollandse koloniste getroud en het lidmate van die Gereformeerde Kerk geword. Binne een of twee geslagte het hulle hul identiteit as Duitsers heeltemal verloor en 'n integrale deel van die Afrikaner-volk geword.

Nadat die baie bekende familiekundige dr J.A. Heese 'n grondige ondersoek oor die afkoms van die Afrikanervolk ingestel het, het hy gevind dat die Afrikaners 36,8 persent van Nederlandse, 35 persent van Duitse en 14,6 persent van Franse herkoms is. Die Afrikaners besit dus byna net soveel Duitse as Nederlandse bloed in hulle are (J.A. Heese 1871). So is baie bekende Afrikaanse vanne van Duitse afkoms soos die Krugers, Lessings, Botha's, Potgieters, Vorsters, ens. (Kyk o.a. J.F. Lourens 1954, G.C. de Wet 1981 en C. C. de Villiers en C. Parna 1966.)

IV. Trekroetes na die binneland

Toe die vryburgers in die begin van die 18de eeu akkerbou onlonend gevind het en hul op veeboerdery toegelê het, het hulle vanaf die Stellenbosch-Drakenstein (Paarl) gebied op soek na geskikte weiding vir hul veekuddes al hoe dieper die binneland ingetrek. Die een groep het oor die Hottentotshollandbergreeks ooswaarts koers gevat, langs die Breëriviervallei af, tussen die Swart en Langebergreeks na die Gamtoosrivier en vandaar oor die Camdebo, oor die Sondags en Boesmansriviere. Die voor punt van hierdie veeboerpioniere het omstreeks 1770 die Visrivier bereik waar hulle deur die suidwaartsbewegende Xhosas gestuit is. Vir baie jare het die Visrivier dan ook die oosgrens van die Kaapkolonie gevorm.

In 1742 is die drosdy op Swellendam (aan die Breërivier) gestig en het die veeboere tot aan die Visrivier onder landdrosdistrik van Swellendam geval. Na hierdie oosgrensboere word dan ook verwys as die "Swellendammers". Toe in 1786 die drosdy op Graaff Reinet tot stand gekom het, het hierdie grensboere onder dié nuwe distrik geressorteer.

'n Tweede groep vryburgers het terselfdertyd vanaf die Stellenbosch-Drakenstein-Paarl streek weer noordwaarts die binneland ingetrek. Baie van die vryburgers het hulle in die Land van Waveren (Tulbagh) gevestig terwyl ander weer weiregte by die Vier-en-twintigriviere en verder noord van Piketberg bekom het. Toe hulle in die noorde die dorregebied van die Knersvlakte teëgekomp het, het hulle ooswaarts

geswenk, en is hulle oor die Olifantsrivier, deur die Bokkeveld tot dat die voerpunt van hierdie veeboerpioniere in die veertiger jare in die meer waterryke Roggeveldberge (Sutherland) weiregte verkry het. Van hier het van hulle verder ooswaarts na die nuweveldberge (Beaufort-Wes) en vandaar na die Seekoeirivier en Sneeuberge voort beweeg waar die voerpunt van die vee boere in die begin van die sewentiger jare van die 18de eeu aangekon het.

Toe hierdie groep veeboertrekkers in die jare sestig die Nuwe-veldberge bereik het, het sommige van hulle suidwaarts na die Camdebo afgeswenk waar hulle saam met die Swellendammers verder oos waarts die land ingetrek het. Toe hulle die Sondagsrivier bereik het, het van hulle weer al langs die Sondagsriviervallei noorwaarts getrek en hulle hul in die Voorsneeuberge gevestig. Sommige van hulle net mettertyd weer oor die Sneeuberge na die Agter-Sneeuberg beweeg en hulle weer by hul trekgenote, miskien ook familieledede wat hulle by die Nuweveldberge verlaat het, aangesluit. Hierdie veeboertrekkers was uiteraard baie mobiel en die seuns, veral die wat op troue gestaan het, het soms vêrweg van hulle ouers af vir hulle leningsplase gaan uitsoek. Na hierdie tweede groep trekboere word gewoonlik as die “Stellenbossers” verwys. Tot 1786 toe die Sneeuberge tot aan die bo-lope van die Visrivier alreeds bewoon was, het hulle nog altyd onder die juris-diksie van die drosdy op Stellenbosch geval. Gedurende al die jare moes hierdie koloniste teen groot ongerief en opoffering die jaarlikse krygsoefening by die drosdy op Stellenbosch bywoon. In 1786 is eers na jarelange verwoë ’n nuwe drosdy op Graaff - Reinet gestig wat die noordelike dele van die distrikte van Stellenbosch en Swellendan ingesluit het.

Verwysings

- J.A. Heese Herkoms van die Afrikaner 1657-1867.
- J.F. Lourens Immigrasie aan die Kaap gedurende die bewind van die Oos-Indiese Kompanjie. 1954.
- G.C. de Wet. Die Vryliede en Vrvswartes in die Kaapse Nedersetting 1652-1707. 1981.

- C.C. de Villiers en C. Pama. Geslagsregisters van die ou Kaapse Families. 1966.
- S.F.N. GIE. Geskiedenis van Suid-Afrika. Stellenbosch 1952.
- G.C. de Wet Die Vryliede en Vryswartes in die Kaapse Nedersetting 1652-1707. Kaapstad 1981.
- P.J. van der Merwe. Die Trekboer in die Geskiedenis van die Kaapkolonie. Kaapstad 1938.
- H.H. van Rooyen. Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854. 1989.
- Kyk o.a. P.J. van der Merwe. Die Trekboer in die Geskiedenis van die Kaapkolonie. 1933.
- P.J. van der Merwe. Die Noordwaartse beweging van die boere voor die Groot Trek 1770-1842.
- J.H. Bergh en J.C. Visagie. Eastern Cape Frontier Zone 1680-1980. 1985.

V. Besettingswyse

Die trekbewegings die binnland in het nie oornag plaasgevind nie. Met die kleinvee kon daar ook nie te vêr op eendag of selfs in week getrek word nie, veral net lamtyd moes daar eers oorgestaan word totdat die lammers sterk genoeg was om kort afstande op 'n dag af te lê. Waar daar langs die trekroete goeie weiding en genoegsame water beskikbaar was, het die trekboere hulle daar vir tyd lank en soms selfs ook permanent gevestig en die grond as leningsplaas by die kompanjie verkry. Indien daar voldoende besproeiings water was, het baie van die boere dan

ook landerye aangelê en is broodkoring en ander gewasse verbou. Op 'n plaas waar daar 50 morg bewerkbare landbougrond was, kon die bewoner dit as erfpagplaas van die Kompanjie bekom, het hy dan eiendomsreg daar verkry en kon die plaas deur sy kinders of familie-lede geërf word. Die leningsplase daarenteen kon nie deur die kinders geërf word nie en die toekenning daarvan moes jaarliks hernu word.

Waar sommige gesinne hul permanent of vir 'n paar jaar lank op plek gevestig het, het die seuns weer verder die binneland in vir hulle lenings plase uitgesoek. weens die lae reënval van die Karooagtige gebiede, was die dra krag van die veld maar laag en gevolglik moes die leningsplase groot wees en het meestal 'n paar duisend morg beslaan.

Die binneland was onbewoond en dit was dus vir die veeboere en veral vir hulle seuns wat na hul huwelik op hul eie wou gaan boer geen probleem om nuwe leningsplase dieper die land in te bekom nie. Die jaarlikse rekognie, wat die koloniste in moes betaal was ook vir die Kompanjie 'n belangrike bron van inkomste en is daar geredelik maklik toekenmings gemaak. Op die wyse het die Kompanjie sonder dat dit hul bedoeling was, indirek die besetting van die binneland aangemoedig. Weens die lae en wisselvallige reënval van die Karoogebiede was oop waters (fonteine) oor die algemeen skaars. Sodat beskikbare waterbronne vir veesuiperings en huishoudelike gebruik, die afstande van plase van mekaar bepaal het. Weens die beperkte voorkoms van standhoudende waterbronne, het meer as een familie soms op een plek gewoon sodat oorbeweidings van die veld dikwels plaasgevind het, met al die netelige gevolge daaraan verbonde. Wanneer droogtes voorgekom het, wat 'n algemene verskynsel van die land is, moes die koloniste soms vêr trek om weiding en water vir hulle kuddes te vind. Wanneer dit 'n slag goed gereën het, dan is die veld baie keer weer deur sprinkaanswerms opgevrete en deur trekkende springbokke vertrap.

Destyds was roofdiere nog baie volop en moes die vee veral die kleinvee elke aand in 'n takkraal by die opstal of staanplek ingejaag word om die vee veral die lammers teen die roofdiere te beskerm. Dit het as gevolg gehad dat die weiveld naby die werf of suiping binne enkele jare so uitgetrap is, dat daar elders weer nuwe weiding vir die veekuddes gesoek moes word. Draad-heinings, boorgate en windpompe was destyds nog onbekend.

Die bewoning van die binneland het dus uiteraard gedurende die 18de eeu yl verspreid oor 'n groot oppervlakte plaasgevind. In die semi-ariëde streke soos die Koup het maar weinig blanke gesinne hulle gevestig.

VI. Roete na die kerk op Roodezand, land van Waveren (Tulbagh)

Na 1700 het die vryburgers hulle in die Land van Waveren - vanaf 1804 Tulbagh - gevestig. Die pragtige vrugbare en waterryke Tulbaghvallei lê soos 'n perdeskoen omring deur hoë bergreekse. Slegs na die suide na die Breeriviervallei is dit oop en maklik toeganklik. In 1748 is 'n kerk op Roodezand in die vallei gestig en is ds. Arnoldus Mauritius Meiring uit Nederland as die eerste predikant van dié nuwe gemeente benoem. Hy het die gemeente tot met sy dood in 1757 bedien. Hy is deur ds. Remmerus Harders opgevolg wat die gemeente van 1758 tot 1774 bearbei het, en vanaf 1777 tot 1793 was ds. Johannes Abraham Kuys die herder en leraar van die gemeente. Barend en Dorothea is in 1746 in die Roodezand kerkie getroud en al hul dertien kinders is tussen 1748 en 1774 daar gedoop. In die kerk het hulle kinders belydenis van geloof afgelê en is hulle huwelike ook daar bevestig. Tot in 1792 toe 'n kerk op Graaff Reinet gestig is, is al hul kleinkinders ook daar gedoop. Barend en sy eggenote het baie keer ook as getuies by die doop van hul kleinkinders asook by die van ander familiebetrekkings opgetree. Tot met Barend se dood omstreeks 1793/94 was die Roodezand kerk die enigste kerkplek waar hy en sy eggenote kerk- en nagmaaldienste bygewoon het. Gedurende die periode van 1748 tot 1774 toe Barend se kinders gedoop is was hy wes van die Olifantsrivierbergreeks en Roodezand woonagtig. Dit was destyds vir die mense in die gebied nie so maklik om op Roodezand (Tulbagh) te kom nie. Hulle moes eers suidwaarts langs die Olifantsrivierbergreeks reis om onder om die suidepunt

van die bergreeks te kom en dan moes hulle oor die moeilik begaanbare Oudekloofpas (Roodezandpas) oor die steil Roodezandberge gaan om Roodezand (Tulbagh) te bereik. Later jare het die mense die Nuwekloofpas langs die Kleinberggrivier gebruik wat ook maar 'n moeilik begaanbare pas was en daarby was dit ook 'n groot draai vir Barend om by Tulbagh te kom. Die reisiger Kolbe meld in 1731 dat mense wat na Tulbagh wou gaan onder die Roodezandberg eers die vragte ophul waens afgelaai het, die waens uitmekaar gehaal het en dan die vrag en wadele op hul trekosse gelaai het en so is hul goedere oor die berg vervoer. Dit was dus 'n baie moeilike en langsame proses om oor die bergreekse by Tulbagh te kom. Die reise is dus slegs onderneem wanneer dit absoluut noodsaaklik was om die kerk op Tulbagh te besoek veral om kinders te laat doop.

Toe Barend op Wagenboomsrivier en later op die Kleinvallei (1779-1790) geboer het was die naaste roete na Roodezand suid oor die Kouebokkeveld en dan wes oor die Witsenbergreeks na Roodezand. Die Witsenbergpas was ook 'n baie gevaarlike en moeilike begaanbare pas. Dit was vir sowat 160 jaar die hoofroete wat die Bokkeveld en noord-oos Karoo met Roodezand verbind het. Die pas oor die steil Witsenberg het later in onbruik geraak nadat 'n pad deur die Mosterthoekkloof gebou is, wat vandag die pragtige Mitchellpas is. Om deur die Mosterthoekpas te kom moes die bewoners van die Kouebokkeveld eers met die steil Gydopas na die Warmbokkeveld afdaal. Dit is dus duidelik dat weens die hoë bergreekse om die Tulbaghvallei dit vir lidmate nie maklik was om kerkgeleenthede op Tulbagh by te woon nie. Dit het groot opofferinge van hulle geverg en daarby was die lang reise na Tulbagh ook nie sonder gevare nie. Wilde diere was destyds nog volop en daar moes gedurig teen die rooftogte van Boesmans gewaak word. Boesmans het selfs die boere tot in die Tulbaghvallei geteister. Die ligte ossewaens, wat die algemene vervoermiddel was, was ook nie altyd bestand teen die ruwe en ongemaakte paaie nie. Gedurende die reënseisoen was die riviere en spruite in vloed en moeilik begaanbaar. Hoe moeilik dit ook vir Barend en die ander veeboerpioniere van die 18de eeu was om die kerk op Roodezand te besoek, het hulle egter nie nagelaat om hul talryke kroos gereeld te laat doop nie en het die jong lidmate ook dan met nagmaalsdienste belydenis van die geloof afgelê. Gewoonlik is hulle, veral die dogters, dan ook daar getroud. Dit alles is 'n sterk getuienis van die Christelike geloof, kerkvasheid en die godsdienstige lewenswyse van hierdie stoere veeboerpioniere. Waar baie van hulle ver van die kerk af gewoon het, kon die

predikant van Roodezand seker ook maar min huisbesoek aflê ten einde hulle geestelik te bearbei en te versorg.

VII. Die bedreiging deur die Boesmans

Vandat die Stellenbosse veeboerpioniere in die 18de eeu die binneland (die Tulbaghvallei, die Bokke en Roggeveld die Nuweveld- en Sneeuberge) ingetrek het, het hulle gedurig las gehad van die veerowery van die Boesmans. In 1715 het die eerste burgerkommando alreeds teen die Boesmans uitgetrek en so het die kommando stelsel in die Kolonie ook ontstaan. Toe die veeboere in die sewentiger jaar van die 18de eeu hulle in die Sneeuberge begin vestig het, het die bedreiging deur die Boesmans baie ernstig geword. Deur hul plundertogte het hulle groot getalle vee, (skape en beeste) van die koloniste geroof en het hulle die veewagters vermoor en selfs plaaswonings afgebrand. Daardeur is baie boere verarm en kon hulle nie hul rekognisiegedelde vir hul leningsplase vereffen nie. Baie boere was dan ook verplig om hulle plase te verlaat en het van hulle uitgewyk na die Candebo en Agter-Bruintjieshoogte.

Verwysing

- A..J. van der Merwe. Die trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie (1657-1842). 1988.

Dit word in veldkornetverslae van destyds gERMeld dat die hele Sneeu-berggebied teen die middel van 1776 verlate van blanke inwoners was. Baie het egter later weer na hul plase teruggekeer. Nadat die koloniste ernstige ver- toë tot die owerheid aan die Kaap gerig het, is in 1774 'n algemene kommando onder bevel van kommandant G.R. Opperman, met verskeie veldkornette (later veldwagmeester genoem) aangestel. Gedurende die laaste kwart van die 18de eeu het kommando's oor 'n wye gebied teen die Boesmans opgetree. Hoewel daar in die tyd duisende Boesmans doodgeskiet is kon daar nie geslaag word om die Boesmans uit te roei en hul strooptogte beëndig nie.

Teen die einde van die 18de eeu het die koloniste en die owerheid ingesien dat die

uitroeingsveldtog teen die Boesmans nie geslaag was nie en is daar 'n nuwe beleid naamlik, van konsiliasie met die Boesmans gevolg. Die boere het ook deur veeskenkings aan die Boesmans getrag om vrede met hulle te sluit om so 'n einde aan hul veerowery te bring. So het die boere van die Renosterbergveldkornetskaps teen die einde van 1798, 283 skape op die plaas Grootfontein (vandag die landboukollege by Middelburg) aan 118 Boesmans oorhandig. Verder het hulle ook aan die Boesmans belowe om vir hulle wild te skiet. (*Lives of the earlier Krugers, p.249.*)

Sedert die tyd het die Sneeu-bergse boere nie meer veel las van die Boesmans gehad nie en kon die plase permanent bewoon word.

VIII. Vervoermiddels aan die Kaap

Toe Jan van Riebeeck in 1652 die verversingspos aan die Kaap gestig het, het daar geen rytuie met hom saamgekom nie. 'n Vervoermiddel was vir hom egter onontbeerlik en hy het aan sy grofsmid en timmerman opdrag gegee om 'n kar te bou waarmee hy hout en ander gebruiksmiddele na die verblyfplek van die garnisoen kon vervoer. Hy het egter nie oor die dienste van 'n opgeleide kar- of wamaker beskik nie. Voor Mei 1653 is die eerste tweewielkar aan die Kaap gebou en binne enkele maande daarna was 'n wa ook gemaak en kon daar teen Julie klip en ander boustowwe vir die Fort aangekarwei word.

Verwysings

- D. Moodie's Records III, 1769-1795. Staatsbiblioteek, Pretoria.
- E.E. Mossop. Lives of the earlier Krugers told in a revised genealogical table. Argief Jaarboek in S.A. Geskiedenis. 1947.
- P.J. van der Merwe. Die Noordwaartse Beweging van die Boere voor die Groot Trek. 1770-1842. 1937.

Een of meer opgeleide grofsmede is later uit Nederland verkry en so het die kar- en wamaakbedryf aan die Kaap sy beslag gekry. Toe daar vryburgers in 1657 toegelaat is om op hulle eie te boer is elkeen o.a. met 'n wa of liewers waentjie voorsien. Die waens was maar betreklik klein en primitief en het nie lank oor die ongenaakte en ruwe paaie gehou nie. Herstel werk aan karre en waens het later net soveel tyd in beslag geneem as die bou daarvan.

Met die toename van die getal vryburgers en hoe verder van die Kaap af die veeboerdery uitgebrei het des te groter het die aanvraag na karre en waens geword. So het die kakebeen- of tentwa ook mettertyd ontstaan wat as vervoer middel en ook as woonplek van die veeboeregesins wat in die 18de eeu die binneland ingetrek het gedien.

Die kakebeenwaens van die Voortrekkers was bepaald groter en sterker gebou as die van die veeboerpioniere van die 18de eeu en selfs die kan nie vergelyk word met die grootte en sterkte van die bekende ossewa van hierdie eeu nie.

Indien dit in ag geneem word hoe moeilik dit is om 'n kar- en wawiel met sy naaf, speke en veilings, ens te maak, dan staan 'n mens verstom oor die vermoë en vakmanskap en vindingrykheid van die kar- en wa makers van destyds, veral waar hulle gereedskap en fasiliteite ook nog maar baie primitief was.

Die boer met sy ossewa het die blanke westerse beskawing gedurende die 17, 18 en 19 eeu diep in suidelike Afrika gevestig.

Verwysing

- Jacques Malan Rytuie van Weleer. 1981.

IX. Lewensomstandighede van die veeboerpioniere veral gedurende die 18de eeu

Lewenswyse

Die vryburgers, later die veeboerpioniere wat van die begin van die 18de eeu vanuit die Stellenbosch-Drakenstein gebied die binneland ingetrek het, kan net die allernoodsaaklikse huishoudelike en lewensmiddels met hulle saamneem, want die waens van daardie tyd was baie kleiner en swakker gebou as die ossewaens uit die Voortrekkertyd.

Die tentkap van die wa was vir baie jare die enigste woning van die gesin; daarin is hulle kinders gebore en versorg veral wanneer hulle siek was. Dit was die moeder en haar kinders se enigste skuiling teen die ongunstige klimaatstoestand, soos donder- en haelstorms, sterk koue winde en wintersnagte. Waar die veeboere by die waterplek 'n paar maande of langer oorgestaan het, is daar 'n tydelike skuiling onder 'n boom of 'n soort van hartbeeshuisie opgerig. Selfs waar hulle 'n paar jaar of langer gewoon het, kon hulle weens skaarste aan geskikte boumateriaal nie groterige en gerieflike woonhuisies oprig nie. Die binneland van die kolonie (Karoo) is nie bos- of boonryk nie, en hout vir huisboudoeleides moes van die suidwestelike Kaap (Knysna) verkry word. Selfs waar by groot gesinne, wat meestal voorgekom het, het die woonhuis, behalwe die kookplek (kombuis), net uit slegs een of twee vertrekke bestaan.

Die veeboere wat gedurende die 18de eeu die binneland van die kolonie beset het, het vir dekades 'n semi-nomadiese bestaan gevoer. Hulle was genoodsaak om sover as moontlik self in al hul noodsaaklike lewensbehoefte te voorsien en selfversorgend te wees.

Hulle daaglikse dieet het hoofsaaklik uit vleisgeregte bestaan waarvan wildsvleis in verskillende vorms - veral biltong - belangrike deel uitgemaak het. Hulle klere en

skoene moes hulle meestal maar self gemaak het. Gebreide en gelooide velle is dikwels gebruik om kledingstukke vir mans en seuns te vervaardig.

Kaapstad was gedurende die 18de eeu die enigste mark- en handel-sentrum van die koloniste in die binneland. Daar het die veeboere hul produkte, meestal slagvee, geruil vir huishoudelike benodigdhede, soos koring en meel, kruideniersware, meestal koffie, tee en suiker, medisyne, kleremateriaal, gewere, ammunisie - veral lood en buskruid - plaasgereedskap, ens. Die veeboere wat veraf geleë was, soos die van die grensdistrikte, kon weens die lang afstande die slegte paaie en steil bergpasse, ens, meestal slegs eenkeer per jaar Kaapstad besoek. Gedurende hul maandelange afwesigheid van hul plase was hulle vee ook blootgestel aan Boesmanrowery, ens. Selfs hul reispad het baie gevare ingehou.

Oorsese reisigers wat gedurende die 18de eeu en begin van die 19de eeu die binneland besoek het, maak almal melding van die eenvoudige en primitiewe en self half onbeskaafde lewenswyse, gemeet aan Europese standaarde, van die koloniste. Uit inligting verkry van die reisbeskrywings van die reisigers kon P.J. v. d. Merwe goeie oorsig gee oor die lewensomstandighede van die veeboerpioniere gedurende die tydperk van die kolonisasie van die Kaapkolonie.

Ekonomiese toestande

Die HOIK was as 'n handelonderneming slegs op wins bejag ingestel en gevolglik moes die uitgawes aan die nedersetting aan die Kaap so laag as moontlik gehou word. Die kolonisering van die suidpunt van Afrika was nooit deur die Here XVII beoog nie en daarom is daar baie min ontwikkelingskapitaal aan die Kaap belê. Die ekonomiese belange van die vryburgers, later die veeboerkoloniste in die binneland, het die Kompanjie nooit in ag geneen of enigszins bevorder nie. Die hoofdoel was om die uitgawes van die kolonie in te perk en op allerlei wyse inkomste te uit die koloniste te probeer verkry soos deur belastings en rekogniegelde van die leningsplase. Van die begin van die vrystelling van vryburgers af, was die Kompanjie die alleenkoper van die boere se produkte

waarvoor baie lae en meestal onlonende pryse betaal is sodat die ekonomiese toestand van die koloniste, veral die vêr van Kaapstad af maar altyd swak was.

Verwysing

- P.J. van der Merwe. Die trekboer. in die geskiedenis van die Kaapkolonie. 1938.
- Lewenstoestande op die platteland, pp. 195-239.
- P.J. van der Merwe. Die trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie. 1938.
- Lewenstoestande op die platteland, pp. 195-239.

Van die begin van die 18de eeu het die agteruitgang van die HOIK wat eers in die 17de eeu so florerende handelonderneming was, geleidelik ingetree. Teen die einde van die 18de eeu het die finansies van die Kompanjie so verswak dat daar aan die Kaap papiergeld wat baie gou waardeloos geword het, uitgegee moes word. Allerlei besparingsmaatreëls is ingestel wat die inwoners en koloniste baie nadelig getref het. Die swak ekonomiese toestande is verder vererger deur swak administrasie stelsel. Die amptenare het hulle self verryk ten koste van die inwoners en korrupsie was aan die orde van die dag. Met die oornome van die Kaap deur Brittanje in 1795 was die Kompanjie dan ook alreeds insolvent en is die VOC in 1798 ontbind.

Die veeboere se hoofbron, indien nie die enigste nie, was hul slagvee wat hulle self in die Kaap gaan verruil het vir hul allernoodsaaklikse lewensmiddels en om hul jaarlikse rekognie gelde op hul leningsplase mee te betaal. Slagters in die Kaap het ook in die later jare van hul knegte na die binneland gestuur om slagvee by die boere aan te koop. Die pryse wat die boere vir hul slagvee en ander plaasprodukte betaal het, was uiteraard maar altyd laag.

Elke boer het maar met 'n klein veekudde begin en dit met ruilhandel met die Hottentotte in die begin van die 18de eeu aangevul. 'n Ouer het vir sy kinders, veral die seuns, aanteeldiere (skaap- en bokooie en verskalwers) gemerk sodat die kinders, wanneer hul opgegroeï het, met 'n selfstandige veeboerdery hoe klein ookal kon begin. As die groot gesinne van daardie tyd in ag geneem word, dan is dit duidelik dat 'n ouerpaar self nooit 'n groot kudde kon opbou nie.

Daar benewens was daar velerlei faktore wat die aanwas van die kuddes gestrem het. Weens droogtes, veral langdurige droogtes wat so karakteristiek van die halfdorre Karooagtige gebiede van die binneland was, was die weiveld meestal so swak dat 'n klein lammer-oes verkry is. Na goeie reëns het groot swerm sprinkane weer die veld kaal gevreet. Roofdiere was destyds nog baie volop en het hulle soms groot skades, veral aan lammers, veroorsaak.

Dwarsdeur die 18de eeu het die inboorlinge, veral die rondswerfende Boesmans, deur hul rooftogte die veeboere groot verliese berokken.

Die baie veesiektes wat so eie aan Suid-Afrika is, het ook jaarliks hul tol geëis. Destyds was nog nie oor doeltreffende siekte midels en entstowwe beskik nie.

As gevolg van al die stremmende en beperkende faktore kon min koloniste gedurende die 18de eeu sterk veekuddes opbou nie. Op ekonomiese gebied het die veeboerpioniere van destyds dit nooit breed gehad nie en was hulle verplig om sover as moontlik self versorgend te wees. Gevolglik was hulle lewenspeil oor die algemeen maar laag. Hulle het nooit in die voorspoedtye wat soms aan die Kaap geheers het, wanneer 'n groot getal skepe van verskillende nasies soos die Franse en Engelse, Tafelbaai besoek het, gedeel nie.

Politieske toestande

Nederland het tot 1795 nie 'n demokratiese regering gehad nie. Die adel en regente het die politieke mag besit. Die gewone burger het dan ook geen seggenskap in die landsbestuur uitgeoefen nie. Die HOIK het van die Nederlandse regering volmag gehad om sy besittings te administreer. Die Kaapse nedersetting of kolonie het dan ook tot 1795 toe die Britte dit verower het, 'n amptenare-regering gehad. Die hoogste gesag is deur die goewerneur bygestaan deur die Politieke Raad uitgeoefen.

Die amptenary het baie keer outokraties opgetree en hulle skuldig aan selfverryking en korrupsie gemaak wat tot groot ontevredenheid onder die koloniste gelei het, wat gebukkend onder onbillike en hoë belastings gegaan het. Die Here XVII het swak beheer oor die goewerneur en sy beamptes aan die Kaap uitgeoefen en het die nuwe opvattinge oor vryheid, menseregte en demokrasie wat ontstaan het as gevolg van die Amerikaanse Vryheidsoorlog (1776-1783) en die Franse Revolusie wat in 1789 uitgebreek het, het ook na die Kaap deurgedring. Gedurende die tyd het baie skepe, veral Franse en Engelse, Tafelbaai besoek sodat die rewolusionêre, liberale en demokratiese idees en denkbearde ook spoedig in Kaapstad en omliggende streke posgevat het. Ook in Nederland was daar politieke woelinge en het daar ook in die tagtigerjare van die 18de eeu 'n patriotiese beweging tot stand gekom. Die Kaapse Patriotte (1779-1791) het hulle dan ook sterk vir meer seggenskap in die land se regering beywer. So het daar onder die koloniste ook 'n sterk nasionale bewustheid ontwaak maar min aandag aan die belange van die koloniste en die kolonie se ontwikkeling geskenk.

Verwysings

- S.F.N. Gie Geskiedenis van Suid-Afrika 1652-1795. Deel I. 1952.
- P.J. van der Merwe. Die trekboer in die geskiedenis van die Kaap-kolonie, 1938. Lewenstoestande op die platteland, p.195-239.

Weens die swak ekonomiese toestande en arnoede, veral in die binneland, het die griewe van die koloniste teen die bewind van die kompanjie al hoe ernstiger geword. Deswaarskrifte van die koloniste het op dowe ore geval. In 1779 en 1785 het die Kaapse Patriotte en koloniste self ook afgevaardigdes na Nederland gestuur om die klagtes van die koloniste direk aan die here XVII voor te lê maar sonder enige gevolg. Dit het die ontevredenheid van die koloniste verder vererger.

X. Verskeie belangrikke Vorsters

Die kleinkinders van die stamvader het eers in die distrik Stellenbosch en later te Graaf Reinet gewoon. Sedert die Groot Trek het verskeie families hulle ook in Natal, Transvaal en die Vrystaat gevestig. Gedurende die Bantoe oorlog en die twee Vryheidsoorlog is melding van die naam Vorster gemaak; Rooi Barend Vorster en twee ander burgers is tydens die eerste Vryheidsoorlog gevange geneem deurdat hulle die Bantoe hoof, Maleppa, genader het om die boere te help.

Barend Jacobus Vorster, "Die Oue", gebore te Poortjie, Colesberg distrik op 17 Nov. 1830, was kommandant van die Zoutpansberg waar hy hom bekend was as "Swart Barend". Gedurende die eertse Vryheidsoorlog het hy groot werk verrig in optogte teen die Britse magte. Op een geleentheid het hy die Britte gewaarsku as hulle aanhou om die boere se voorraad van die plase af te neem sou die burgers optree om die "onnodige stappe" stop te sit. Hy is op sy plaas to Kalkbank in die Pietersburg distrik op 17 April 1898 oorlede.

In die tweede Vryheidsoorlog is die Boere ambulans amptenaar A.W. J. Vorster (cldle5f2gl3) gevangene geneem en het later 'n be-edigde verklaring gemaak waarin verwys word na die Britse mis-handeling van Rooi Kruis personeel.

Die Volksraadslid van Pietersburg, Barend Jacobus Vorster, "Die Jonge" het as Genl. Van Rensburg se adviseur gedien tydens die beplande aanval op die Bantoe hoof, Tuli, tydens die eerste paar maando van die oorlog. Hy is op 26 Mei

1858 op sy ouers se plaas te Kalkbank gebore en is te Potgietersrus op 17 April 1933 oorlede.

Met Kmdt.-Genl. Piet Joubert se onttrekking uit die oorlog om mediese behandeling op Volksrust te verkry, het hy 'n kommissie bestaande uit B.Vorster en twee ander krygsmanne na Natal gestuur om die offisiere aldaar van goeie raad te voorsien. Die kommissie het die burgers te Colenso aangemoedig en opgebeur.

Kmd. Barend Vorster (1857-1932), 'n boere-pionier en grootwild-jagter was ook van Noord Transvaal. Hy was 'n vooraanstaande figuur in die distrik Zoutpansberg en was aan die Bantoes bekend as "Mocomtadie" (Onverskrokke). Hy was van plan om 'n Boeretrek na die destydse Rhodesië te neem in 1892. Cecil John Rhodes het hom aangemoedig omdat hy gretig was om nedersetters na die gebied toe te lok, maar die Transvaalse regering kon nie bekostig om burgers te verloor nie en het hulle toestemming geweier. Vorster moes die trek toe aflas. Barend Vorster het beroemdheid verwerf in onderhandelings met die geheime koningin Modjaje en het ook 'n veldtog teen Mogato geloods. Sy leierskap tydens die tweede Vryheidsoorlog in Noord Transvaal het hom beroemdheid onder die Britte besorg.

Louis Petrus Vorster (cld15e4g2) geb. 24 Julie 1862 te Middelbury K.P. was predikant in die N.G.Kerk. Oorlede 9 Sept. 1934.

W.H.Vorster van Louis Trichardt was jare lank Provinsiale Raads-lid van Zoutpansberg. In 1929 is hy as Volksraadslid verkies as NP kandidaat, maar het in die 1933 by die verkiesing uitgeval toe hy as onafhanklike kandidaat hom verkiesbaar gestel het.

Balthazar Johannes Vorster die Eerste Minister van S.A. is in 1953 verkies as Volksraadslid en in 1956 bevorder tot junior kabinetsminister. In 1961 word hy minister van Justisie. In 1966 Eerste Minister en op 10 Oktober 1978 word hy ingehuldig as staatspresident.

Hoofstuk 2

Stamvader: Jan Vorster (Hans Förster)

I. Aankoms en herkoms van Jan Vorster

Met sy aankoms was Mouritz Pasques (1714-1724) destyds goewerneur aan die Kaap. Op die huurleen ooreenkoms wat ds. Petrus van Aken van die Paarl-Drakensteingemeente onderteken het, met die goewerneur, om Jan as boukneg te huurleen, is sy naam as Hans Förster van Bern aangegee. In die Kaap het sy naam egter die Hollandse vorm, as Jan Vorster ondergaan.

Dit is nie bekend wanneer Jan uit Bern (Switserland) na Nederland vertrek het nie, om hom by die Vereenigde Oostindische Compagnie (VOC), ook bekend as die Hollandse Oos-Indiese Kompanjie (HOIK), as matroos aan te sluit. Ten einde om vrye passaat na die Kaap te kon verkry moes hy eers as matroos vir die Kompanjie vir 'n sekere tydperk in diens wees. Baie ander voornemende Duitse emigrante na die Kaap het dan ook in die 18de eeu, eers as soldate of matrose by die VOC in diens getree. As 'n Duitssprekende moes hy in diens van die VOC natuurlik leer om Hollands te verstaan en te praat. As Lutheraan moes hy hier in die Kaap lidmaat van die Gereformeerde Kerk word, om sodoende op die wyse, soos ander Duitse emigrante, in die Holland-sprekende gemeenskap opgeneem te kan word.

II. Kinders van Jan en Elizabeth Lubbe

Aletta (b1), hul oudste kind, is op 2 April 1722 op Stellenbosch gedoop. Ds. H. Beck was destyds predikant van die gemeente. Met haar doop het haar ma Elisabeth se broer (b3) Hendrik as getuie opgetree. Hendrik Lubbe, Elisabeth se broer het heel moontlik destyds in die Stellenbosch-gemeente gewoon en is dit miskien die rede waarom die doop van Aletta op Stellenbosch en nie in die Paarl plaasgevind het nie. Sy is waarskynlik na haar ma (Elisabeth) se suster b2 Aletta vernoem. Elisabeth se ouers het hul laaste kind in 1713 gedoop en dis moontlik dat hulle nie meer in 1722 geleef het nie.

Jan en Elisabeth se dogter Aletta is op 25 November 1742 in die Paarl met Pieter Gous getroud en so het sy een van die stammoeders van die Gous familie in Suid-Afrika geword.

Jan (b2), die tweede kind, is op 17 September 1724 in Kaapstad gedoop en daar het geen getuie geteken nie. Omdat die doop in Kaapstad plaasgevind het, kan dit wees dat Jan na sy dienskontrak met heemraad S.W. van der Merwe in 1724, uitgedien is, hom as messelaar in Kaapstad of in die omgewing gevestig het. Die seuntjie Jan het sy pa Jan se naam gekry; dit mag ook wees dat Jan se pa ook Hans (Jan) genoem is. Die seun Jan is blykbaar jonk oorlede want daar is verder niks van hom bekend nie.

Barend (b3), die derde kind, is ook in Kaapstad op 1 Desember 1726 gedoop. Ds. H. Beck was toe daar predikant. By sy doop word ook geen getuies genoem nie. Hy is na sy oupa (moederskant) Barend Lubbe vernoem. Elisabeth se Lubbe-familie het heel moontlik destyds te vêr van Kaapstad af gewoon om die doop te kon bywoon. Barend het die tweede stamvader van die Vorsters geword.

III. Eggenoot van Jan Vorster

Tydens Jan se verblyf as messelaar in die Paarl (1718-1724) het hy geleentheid gehad om kennis te maak met die ongetroude jong vroulike lidmate van die gemeente. Die lidmate van die Paarl-Drakenstein kerk het hoofsaaklik uit Franse Hugenote en hul getroue kinders bestaan. Jan met sy Duitse afkoms het natuurlik nie tuis onder hierdie lidmate met hul Franse kultuur en gebruike gevoel nie. Vir hulle sou hy ook nie so maklik aanvaarbaar gewees het nie. Onder hierdie gemeente was daar ook 'n paar vryburgers wat nie van Franse herkoms was nie, soos bv. die Lubbe-gesin. Die stamvader Barend Lubbe (Berndt Lubbe) het ongeveer 1721 uit Nederland aan die Kaap gekom. Hy was ongetwyfeld nie van Nederlandse herkoms nie - heel moontlik het hy of sy ouers oorspronklik van Duitsland, Oostenryk of selfs Switserland gekom. Jan het gevolglik maklik by die Lubbe-gesin aansluiting gevind. Hoe dit ookal sy, Jan Vorster is omstreeks 1721 met Elisabeth, gedoop 6 Augustus 1702, die vierde kind van Barend Lubbe en Jacoba Brandenburg, getroud. Jan en Elisabeth se eerste kind Aletta is op 2 April 1722 gedoop. Hulle juiste huweliksdatum kan ongelukkig nie vasgestel word nie.

omdat die huweliksregisters van die Paarl-Drakenstein kerk vir die jare 1721 tot 1724 verlore gegaan het. Die huweliksbevestiging is heel waarskynlik deur ds. Petrus van Aken waargeneem. Jan was destyds nog in diens van die Kompanjie en aan heemraad S.W. van der Merwe as messelaar uitgehuur (1720-1724) en hy het waarskynlik ook huisvesting aan Jan en Elisabeth verskaf.

IV. Sterf datum van Jan Vorster?

Die juiste sterfdatum, asook waar hy oorlede en begrawe is, is onbekend. Hy is heel waarskynlik in Kaapstad of in die omgewing oorlede en daar begrawe.

Sy sterfdatum kan by benadering wel bereken word. Sy weduwee, Elisabeth Lubbe, het op 1 April 1730 'n dogter met die naam van Elisabeth Bruyns in die Paarl gedoop. Op die doops register van Elisabeth Bruyns is geskryf “de vader onbekend”. Sy laaste seun, Barend, is gedoop op 1 Desember 1726.

Dus, daar kan slegs afgelei word dat hy moontlik tussen 1727 en 1729 oorlede is.

V. Vryburgerskap van Jan Vorster

Terwyl Jan in 1723 nog aan heemraad Schalk Willem van der Merwe uitgehuur is, het hy by die goewerneur Mouritz Pasques aansoek gedoen om hom “met het burgerschap deeser Colonie te begunstigen” ten einde sy beroep as messelaar te kan beoefen. Sy aansoek is op 21 Desember 1723 deur die Politieke Raad goedgekeur. Dit is nie bekend waar en by wie hy as vryburger messelwerk in verband met die oprigting van geboue, verrig het nie na die verstryking van sy dienskontrak met S.W. van der Merwe in 1724.

Van den Wel Edelen Geste: Heer
Maurits Pasquies de Chavornied
Raad Ordinaris van Nederland
India, Gouverneur in Loco &
benoemd den E. Agtl: Raad van
Pute. —

Wel Edele Geste: Heer. en
E. Agtl: Heeren. —

Geeft op't Nedrigste te kennen Uwe Wel
Edele geste: en E. Agtl: onderdanigen Dienaar
Jan Vorster in den Jaare 1717. voor Maand
27. Junij met het schip Velsenhoofft hier
gehoorn, dat hij stupp. vermeijnd in Staat
te Weeden, sij met sijn ambagt, sijnse het
meldele, behoorlijk als burger te sullen
kunnen verzeeren, diehalven keet hij sij
tot Uwe Edele geste: en E. Agtl: met ootmoed
verdoek dat het deerselva goede getiagte mag
sijn hem stupp. met het burgerschap deesen
Colonie te begunstigen.

J. Welk doende &c

VI. Beroep en lone van Jan Vorster

Toe Jan in 1716 by die VOC as matroos in diens getree het, was sy beroep of ambag 'n messelaar. Dit is nie bekend waar hy sy opleiding as messelaar ontvang

het nie. Miskien was sy pa ook 'n messelaar en het hy die ambag by sy pa geleer of hy kan ook in Switserland by 'n ander messelaar in diens gewees het. Daar het destyds gildes van verskillende professies in Europa bestaan. Op 7 Julie 1718 het ds. Petrus van Aken van die Paarl-Drakenstein-gemeente vir Jan kontraktueel van die Kompanjie gehuurleen as boukneg om met die bouwerk van 'n nuwe kerkgebou in die Paarl as boukneg behulpsaam te wees. Op 6 Junie 1719 is die huurooreenkoms vir 'n verdere jaar verleng en is dit op 22 Junie 1720 beëindig toe die kerkgebou voltooi is. Hierdie gebou is tot in 1805 (meer as 80 jaar) as kerk gebruik toe dit vervang is met die huidige bekende Strooidakkerk van die Noorder Paarlgemeente.

Die eerste werk wat Jan, behalwe as matroos van die Kompanjie, in die Kaap verrig het was om as messelaar met die oprigting van 'n kerkgebou behulpsaam te wees. In die kerkraadsnotule van die Paarl gemeente word na Jan Vorster slegs verwys as Jan die messelaar.

Vanaf 22 Junie 1720 tot 1724 het heemraad (b2) Schalk Willem van der Merwe weer vir Jan as boukneg (messelaar) by die Kompanjie gehuurleen. As gevolg van die ernstige behoefte aan geskikte en betroubare arbeiders wat die vryburgers vanaf die begin af ondervind het was die Kompanjie gedurende sy hele bewindstyd bereid gewees om van sy amptenare, meestal soldate en matrose, aan die vryburgers te huurleen, waardeur die Kompanjie ook heelwat op hul soldy bespaar het. Baie van hierdie "bouknegte" het na die afloop van hul dienskontrak met die Kompanjie aansoek om vry-burgerskap gedoen. Die volgende is Jan se lone wat hy ontvang het gedurende sy kontrak tydperk by die Paarl-Drakenstein-gemeente.

1718

1 September: 15 rds

1 Oktober: 15 rds

1 November 15 rds

4 Desember 15 rds

31 Desember 15 rds

1719

31 Januarie 15 rds

28 Februarie 15 rds

30 April 21 rds
31 Mei 15 rds
30 September 15 rds
30 November 15 rds
31 Desember 15 rds

1720

31 Januarie 15 rds
29 Februarie 15 rds
31 Maart 15 rds
30 April 15 rds
31 Mei 15 rds

Ryksdaalders (rds) is die naam van 'n geldstuk, ca. 1500 in Duitsland in gebruik geneem, toe die aanmunting deur rykswet algemeen toegestaan is; die benaming daalder is in die omgang gebruik. As Bourgondiese kruis-Ryksdaalder is dit in 1567 in Nederland ingevoer. Dit het die belangrikste silwermuntstuk in Nederland geword met 'n waarde van twee en halwe gulde, te onderskei van die daalder gelyk aan een en 'n halwe gulde. Die Nederlandse Ryksdaalder is in 1659 vervang deur 'n ligter muntstuk ook twee en 'n half gulde, en sedert 1969 bestaan die stuk uit nikkel. Vroeër van die Kaap en later in S.A. tot by desimalisasie was 'n silwermuntstuk van een sjieling en ses pennies (15 sent) in gebruik wat riksdalder of daalder genoem is.

Jan word nie getoon in rol VC41 wat die dienslui van die VOK vir die periodes 1717, 1718 en 1719 toon nie.

Op 16 Julie 1717 maak die "matroos Hans Voster van Bern" en Cornelis Leendert Hutspot, 'n Meester Messelaar, 'n kontrak waarin Hans vir Cornelis vir 'n periode van een jaar sal werk as "messelaarsknecht" teen 'n vergoeding van 12 Caroli Gulden en 20 Pfennings per maand.

Op 7 Julie 1718 maak die "matroos Hans Vorster van Bern" en Petrus van Aken, "bedienaar der Goddelijke Woordt" 'n kontrak waarin Jan "als metselaar" sal werk vir 'n periode van een jaar, teen vergoeding van 15 Gulde. Op 6 Junie 1719 word

die kontrak hernu vir een jaar. Op 22 Junie is die kontrak voltooi, en Jan getuig dan ook so voor Swellengrebel. Jan was betrokke as messelaar by die bou van die oorspronklike strooidak kerk in die Paarl. In Sept 1720 word hy 100 Riksdalers betaal vir reparasiewerk nadat die noordelike gewel van die kerk inmekaar geval het.

Die eerste steen van die kerk is gelê op 6 Sept 1718. Teen 7 April 1720 was die werk al so ver gevorder dat besluit is om die kerk op 2 Junie 1720 te begin gebruik. Die kerk grootte was 80 voet x 40 voet.

Op 22 Junie 1720 maak "Johannes Foster" en Heemraad Schalk Willemz van der Merwe 'n kontrak vir een jaar, teen vergoeding van 12 Gulde. Die kontrak word verleng (elke keer vir een jaar) op 3 Junie 1721, 29 Mei 1722 en 24 Mei 1723.

VII. Elizabeth Lubbe, weduwee van Jan Vorster

Die geskiedenis van Elisabeth Lubbe, Jan se weduwee is eintlik 'n tragiese verhaal. Sy is gedoop in Stellenbosch op 6 Augustus 1702. In Tulbagh se doodsregister is dit aangeteken "oorlede op 13 Maart 1770, Elisabeth Lubbe, weduwee Vorster". Dit word vermoed dat sy binne die Kerk op Tulbagh begrawe is. Daar is egter geen rekords nie. Sy is die vierde kind van Barend Lubbe (Lobe) en Elisabeth Brandenburg. In die doopregister van die Paarl-gemeente is kort en saaklik opgeteken dat Elisabeth Lubbe op 1 April 1730 'n dogter gedoop het met die naam van Elisabeth Bruyns en dat die vader onbekend is. Hiervan kan afgelei word dat dit moontlik 'n buite egtelike kind was en dat die vader 'n Bruyns was. Ander afleidings kan natuurlik ook deur die leser gemaak en geïnterpreteer word. Hierdie dogter Elisabeth Bruyns is op 20 Maart 1748 op Roodezand (Tulbagh) getroud met Matthys Taute van Oldenburg, gebore in 1704. Hy het in 1734 as soldaat in die Kaap aangekom en was later 'n bouknegt en onderwyser. Hul eerste kind Elisabeth is op 23 Maart 1749 op Roodezand gedoop en die moeder se naam word as Elisabeth Vorster en nie as Elisabeth Bruyns aangeteken, maar met die doop van die ander Taute kinders word die moeder wel as Elisabeth Bruyns aangegee. Hierdie dogter Elisabeth Bruyns, dogter van Elisabeth Lubbe, weduwee van Jan Vorster, het die stammoeder van die Taute familie in Suid-Afrika geword. Van die

latere lewe van Elisabeth Lubbe is min bekend. Sy het blykbaar tot haar dood op 13 Maart 1770 op Roodezand (Tulbagh) as die weduwee van Jan Vorster gewoon. Haar Lubbe familie het haar die misstap wat sy na Jan Vorster se dood begaan het, blykbaar vergewe. So het sy saam met hulle baie keer as getuie opgetree by die doop van haar seun Barend se kinders op Roodezand.

VIII. Slotopmerking: Jan Vorster

Die stamvader Jan Vorster is in baie opsigte 'n geheimsinnige persoon omdat daar so min informasie van hom bekend is. Sy geboorte of doopdatum, die name van sy ouers, sy huweliks asook sy sterfdatum is onder andere tot op hede nog onbekend. Hy het blykbaar min formele opvoeding ontvang aangesien sy handtekening op die huurleenkontrak met ds. P. van Aken onduidelik is. Waar en by wie hy sy opleiding as messelaar ontvang het is ook onbekend. Aan die Kaap kon hy nie lank sy beroep as messelaar beoefen nie, slegs vanaf 1718 tot en met sy dood (1726 -1729), d.w.s. ongeveer tien jaar. Sy eerste messelaarswerk en waarvoor hy altyd die meeste onthou sal word, is die twee jaar 1718 -1720 terwyl hy behulpsaam was met die oprigting van die kerkgebou van die Paarl-Drakenstein gemeente.

Met sy messelaarswerk, wat hy net 'n paar jaar as vryburger kon beoefen het, het hy blykbaar miskien net genoeg verdien om aan die primêre behoeftes van sy gesin te voorsien. Dit kan dus afgelei word dat hy eintlik maar 'n armoedige bestaan gevoer het, en gevolglik geen boedel of enige besitting met sy dood nagelaat het nie. Met sy afsterwe het hy sy weduwee met drie jong kinders onversorg agtergelaat. Miskien het haar familie so vêr as moontlik aan haar hulp verskaf, omrede Jan geen familie aan die Kaap gehad het nie. Dit moes vir sy weduwee uiters moeilik gewees het om die drie klein kinders te versorg en later het 'n vierde bygekom.

Hoofstuk 3

I. Tweede Stamvader: Barend Vorster

Barend is die enigste seun van die stamvader Jan wat getroud was en wat 'n talryke kroos nagelaat het, sodat hy in werklikheid die tweede stamvader van die Vorster geslagte in Suid-Afrika is.

Barend, die derde en jongste kind van Jan Vorster en Elisabeth Lubbe, is op 1 Desember 1726 te Kaapstad deur ds. H. Beck gedoop. Hy was nog nie eers vier jaar oud nie toe sy vader oorlede is (1727-1729). Barend is dus alleen deur sy weduwee moeder groot gemaak en versorg. Daar was ook geen ander van sy Vorster familie in die Kaap nie, behalwe sy suster Aletta wat slegs vier jaar ouer as hy was. Van die Vorster-voorgeslagte het hy dus geen kennis gedra nie. Al familie wat hy geken het was die van sy moeder die Lubbes.

II. Barend se jeug

Barend is die enigste seun van die stamvader Jan wat getroud was en wat 'n talryke kroos nagelaat het, sodat hy in werklikheid die tweede stamvader van die Vorster geslagte in Suid-Afrika is.

Barend, die derde en jongste kind van Jan Vorster en Elisabeth Lubbe, is op 1 Desember 1726 te Kaapstad deur ds. H. Beck gedoop. Hy was nog nie eers vier jaar oud nie toe sy vader oorlede is (1727-1729). Barend is dus alleen deur sy weduwee moeder groot gemaak en versorg. Hy het dus nie sy vader geken nie. Daar was ook geen ander van sy Vorster familie in die Kaap nie, behalwe sy suster Aletta wat slegs vier jaar ouer as hy was. Van die Vorster-voorgeslagte het hy dus geen kennis gedra nie. Al familie wat hy geken het was die van sy moeder die Lubbes.

Barend se jeugjare sonder 'n vader se sorg en leiding was ongetwyfeld vir hom moeilike jare. Hy was dus verplig om van jongs af al hard te werk en om met min klaar te kom. Hy was dus heel moontlik op jeugdige ouderdom in diens van een

van die Lubbe familieledede of ander trekkerveeboere. Net soos ander seuns van die veeboer pioniere destyds het hy ook van jongs af geleer skiet en jag. Wild was 'n belangrike bron van voedsel vir die koloniste. Ook moes hulle hul vee gedurig teen inboorlinge (Hottentotte en Boesmans) en teen roofdiere, wat baie volop was, beskerm asook om hulle self te verdedig. Volgens 'n opgraafrol van 1742 toe Barend skaars 16 jaar oud was, het hy alreeds 'n snaphaan (geweer) besit. In die opgawes van ander jare word gereeld melding gemaak dat hy in besit van wapens soos 'n dolk, 'n pistool en 'n geweer was.

Dit is nie bekend waar en hoe Barend sy jeugjare deurgebring het nie. Hy het heel waarskynlik as 'n seun of jong man saam met sy Lubbe familie en/of ander veeboerpioniere noordwaarts op soek na weiding vir hul vee getrek. In die reeds genoemde opgraafrol van 1742 word sy woonplek as die Drakenstein distrik aangegee. In werklikheid beteken dit die gebied van die Drakenstein-Paarl gemeente waarvan hul alreeds lidmate was. Dit was die Land van Waveren (Tulbagh) en verder noordwaarts langs die Olifantsrivier en tot by Piketberg waar hulle gewoon het. Hierdie hele gebied het egter onder die drosdy van Stellenbosch geval.

III. Opgraafrolle van Barend

Die volgende inligting rakende Barend en van sy familie se besittings kom uit die "opneemrolle" vir die Drakenstein gebied: (Opgraafrolle J196 & J200, J201, J204, J205, J206, J216, J219, J220, J221, J222, in die Kaapse Argief.)

1April - 2 Mei 1749 :

Barent Voster & Dorothea Smidt : 1 Seun , 1 Perd ,1 Snaphaan 1 Pistool 1 Degen
Alewyn Smit & Hester Bekker : 9 Seuns, 1 Dogter, 3 slawe,1 slavin,5perde,130
beeste , 150 skape,8 mud gesaai en 20 gewonne, 1 snaphaan,1 pistool, 1 degen.

1 April - 2 Mei 1750 :

Barend se posisie is onveranderd.

1 April - 2 Mei 1751 :

Barent & Dorothea - 2 Seuns , verder dieselfde

Barend Lubbe (b12) & Martha Burger: 4 seuns, 3 dogters,2 slawe,1 perd,50 beeste, 250 skaap,2 mud gesaai en 10 gewonne. 1 snaphaan,1 pistool,1 degen.

Pieter Gous & Aletta Vorster: 1 dogter, 30 beeste,100 skape 1snaphaan,1pistool, 1 degen.

1 April - 2 Mei 1759:

Barend & Dorothea: 4 seuns, 2 dogters,1 slaaf,1 perd, 15 beeste.

Barend Lubbe & Martha Burger: 5 seuns, 5 dogters, 2 slawe,11 perde,225 beeste, 310 skape 3 mud koring gesaai en 15 goes, wapens dieselfde.

Pieter Gous & Aletta: 2 seuns, 2 dogters,1 perd,7 beeste, 200 skaap,wapens dieselfde.

1 April - 2 Mei 1760:

Barend & Dorothea: 4 seuns, 2 dogters,1 slaaf,1 perd, 40 beeste, wapens dieselfde.

Barend Lubbe & Martha: 5 seuns, 5 dogters, 2 slawe, 12 perde, 150beeste, 400 skaap , wapens dieselfde.

Barend Frederik Lubbe (b12c2) & Maria Keyser: 5 perde, 30 beeste,100 skape, 1 snaphaan, 1 pistool, 1 degen.

Pieter Gous & Aletta: 2 seuns, 2 dogters,1 perd, 50 beeste, 100 skaap,wapens dieselfde.

1768 - 6 seuns,2 dogters,2 slawe, 40 beeste en 350 skape.

1772 - 6 seuns, 3 dogters,1 perd, 36 beeste, 400 skape.

1773 - 6 seuns, 2 dogters,1 perd, 10 beeste en 600 skape.

1774 - 4 seuns,2 dogters,1 slaaf, 1 perd,, 50 beeste en 600 skape.

1776 - 4 seuns, 2 dogters, 1 slaaf, 1 perd, 60 beeste en 700 skape.

1788 - 4 seuns, 2 slawe, 6 perde.

1792 - 1 vrou, 1 perd en sy wapens.

1793 - 1 vrou, 1 perd en sy wapens.

IV. Trekroetes

Die enigste wyse waarop die trekroetes van bepaalde persone of gesinne na die binneland, veral gedurende die 17 en 18de eeu en selfs later, vasgestel kan word is om die plase op te spoor waarop hulle weiregte verkry het of wat aan hulle as erfpag- en leningsplase toegeken is. Behalwe dat hierdie rekords in baie gevalle onvolledig is, het baie van die veeboere nie lank genoeg op een plek oorgestaan om aansoek vir weiregte of vir 'n erfpag- leningsplaas te doen nie.

Met Barend se huwelik in 1746 in die Roodezand-kerk (Tulbagh) is in die huweliksregister aangeteken dat hy 'n burger van verafgeleë buitedistrikte was sonder dat 'n nadere plekaanduiding gegee is. "Distrikte" word hier in die betekenis van streke gebesig. Die Roodezand gemeente het destyds nog onder die landdrosdistrik Stellenbosch geval. Baie van die lidmate, wat oor groot gebiede verspreid gewoon het, was veeboere wat voortdurend besig was om die binneland al hoe dieper in te trek. In die veertigerjare van die 18de eeu het van die gemeentede al ver noord langs die Olifantsrivier in die Bokkeveld gewoon, terwyl die voorpunt van die veeboertrekkers toe alreeds die Roggeveld bereik het.

Die eerste plaas waarop aan Barend weiregte geregistreer is, is Tygerkloof in 1750, wat aan die weste hange van die Olifantsrivierbergreeks en oos van Piketberg geleë is. Die ander twee plase waarop hy weiregte bekom het, nl. Pietersklip en Cardouw, lê ook in die omgewing van Tygerkloof. Barend het dus ook die trekroete wes langs die Olifantsrivierbergreeks noordwaarts gevolg. Vanaf Tygerkloof af is hy in 1779 na die plaas Wagenboomsrivier, in die noordelike deel van die Kouebokkeveld. Om die plaas te bereik het hy heel waarskynlik soos die ander trekboere by Piekenierskloof (Greypas) oor die Olifantsrivierbergreeks, en toe deur die Olifantsrivier verder ooswaarts deur Elandskloof en toe suidwaarts na die Kouebokkeveldhoogland beweeg waar hy by die plase Wagenboomsrivier en Keunje gekom het. In 1786 is Barend weer terug deur Elandskloof na die Olifantsriviervallei waar hy die res van sy lewe op die plaas Kleinvallei suid van die huidige Citrusdal gewoon het.

V. Huwelik van Barend en Dorothea Maria Smit

Barend van Cabo de Goede Hoop, burger van afgelegene buite distrik, is op 3 April 1746 op 20-jarige ouderdom in die kerk van Roodezand (Land van Waveren (Tulbagh)) deur die eerste predikant van die gemeente, ds. M.A. Meiring, met b4c5 Dorothea Maria Smit in die huwelik bevestig. Sy is op 8 April 1730 gedoop en was nog maar baie jonk - skaars 16 jaar oud. Sy is die dogter van b4 Alewyn Smit en Hester Bekker. Dit laat 'n mens vermoed dat hy destyds miskien in diens van Alewyn Smit of ander Smit-familie was.

In die troueregister van Tulbagh staan: " 3 April 1746 trou Barend Vorster van Cabo de Goede Hoop, burger van een afgelegene Buite Distrik ,met Dorothea Maria Smit, Jongedogter van Cabo de Goede Hoop "

VI. Wonings en plase van Barend

Tydlyn

1750 - Barend vra op 3 April 1750 vir die huurpag op "de Plaats Tygercloof , over de Vier en Twintig riviere". Hernu die Huurpag op 28 Maart 1752, op 17 April 1753 ,op 23 April 1755 en op 3 April 1756 weer. Op 28 Feb. 1756 betaal hy vir 3 jaar se besetting Rks.72. (RLR12/2No317

1761 - Barend vra die huurpag op " de plaats Pietersklip over de Vier en Twintigriviere op 2 Maart 1761 synde de verlate plaats van Erasmus Smit." Hernu op 29 April 1762 tot 2 Maart 1763 .

Op 23 Feb.1763 gee Mathys Taute , as lashebbende van Barend Vorster kennis dat hy die plaas verlaat. (RLR 16/2 No 271) Matthias Taute was getroud (20.3.1748) met Elisabeth Bruins Lubbe , onegte dogter van Elisabeth Lubbe (Wed. Vorster) en halfsuster van Barend.

1762 - Barend vra die huurpag op "de plaats Cardouw, over de Vier en Twintig riviere,de verlate plaats van Jacobus Gildenhuis " op 23 Aug. 1762 (RLR 17/2No197)

1763 - Matthias Taute verlaat Pietersklip.

1763 - "Barend Vorster asks for the Freehold of the cattle farm Tygercloof situated

at the 24 rivers occupied by him on loan for several years. Offers to pay the annual recognition of Rds. 24 , and a purchase amount of Rds. 60 (Diagram attached) (LeibbrandtLM 17 bls. 1136A)

"Den 13 Oct. 1763 is bostaande plaats in eigendom geneem (Met Diagram) (RLR12/2 Stellenbosch No 317) Op die Diagram word die ligging van die plaas gegee as "Zuid na die plaats van Daniel Keyser, Wes na de Heunige Berg, Noord na de Coopmans Craal, Oost na het hoge gebergte" Die akteskantoor sê egter Zuid na Paul Keyser. Paul Keyser was getroud met Aletta Lubbe, ouer suster van Elisabeth Lubbe. Barend kry sy kaart en transport op 15 Des. 1763. Kopie van Akteskantoor aangeheg.

Die plaas is tans bekend as Tigerkloof 164, Piketberg en behoort aan Willem van der Merwe. Die oorspronklike huis word nog bewoon deur Willem maar is natuurlik heelwat verander.

1769 - Matthias Taute gee kennis namens Barend Vorster dat hy die plaas Cardouw verlaat op 9 Sept. 1769.

1773 - Matthias Taute oorlede op 23 Nov. 1773.

1779 - Barend verkoop Tigerkloof op 17 Maart 1779 aan Frederik Liebenberg (T5159)

1779 - Barend vra die huurpag op "de Wagenboomrivier gelee int bockeveld, synde de verlate plaats van Jacoba Elisabeth Lubbe" op 17 Maart 1779. (RLR 40)

1780 - Barend vra op 4 Maart 1780 vir die huurpag op "Coornlands Cloof gelegen aande zyde van de Olifants Rivier" en kry dit op 17 Aug. 1780 (RLR 26^{no} 101)

1786 - Barend vra die huurpag op "de Kleyne Vally over de Olifantsrivier" op 3 Feb 1786 (RLR34/2 No 283)

1786 - Barend vra die huurpag op "de Kruintje (Ruintje?) gelee int koude Bokkeveld" in 1786 (RLR40) Die plaas is tans bekend as Keunje 56

1790 - Barend verlaat Kleyne Vally op 23 Maart 1790.

1790 - Alwyn Jacobus Vorster (b3c2) vra die huurpag op die plaas Kleyne Vally in 1790 (RLR 40)

1795 - By'n Heemrade vergadering gehou vanaf 8 Mei 1795 tot Saterdag 9 Mei 1795 te Graaff Reinet word rapporteer dat "Alewyn Jacobus Vorster van de Groene Vally is tans woonagtig aan het Holifants Bad (???) op een plaas van Barend Vorster de Oude sy vader wat oorlede is"

Pieter Gous wat getroud was met Barend se suster Aletta, het reeds in 1743

aansoek gedoen vir weidings regte op die plaas "de Kleine Valley,gelee over de Olifantsrivier" (RLR43/2 bls214) In 1755 doen hy aansoek vir die plaas Brackefontein wat hy in 1784 (of 1786) verlaat.

Hierdie plase lê almal op `n kol wat te sien is op die 1:250 000 Kaart 3218 Clanwilliam by 33 grade 50 min Suid en 19 grade 03 min Oos.

Wagenboomsrivier en Coornlands Cloof (17179 – 1786)

Wagenboomsrivier (1779 - 1786) Op 17.3.1779 is aan Barend weiregte op die plaas Wagenboomsrivier in die noordelike deel van die Kouebokkeveld (Ceres-distrik) verleen. Hy moes bepaald al 'n paar jaar vantevore, miskien net periodiek, op die plaas vertoef het, want die Sweedse reisiger Thunberg meld dat hy in 1773 'n Barend Förster in die Kouebokkeveld aangetref het. Soos dit die geval was met die veeboerpioniere destyds, was hulle altyd maar aan die rondtrek om beter weiding vir hul vee te verkry. In die toekenning van weidingsregte aan Barend word gemeld dat die Wagenboomsrivier die verlate plaas van Jacoba Lubbe was. Sy het weiregte op die plaas van 1.3.1762 tot 17.3.1779 gehad. Sy is heel moontlik sy niggie, die dogter van sy moeder Elisabeth Lubbe se broer b3 Hendrik. Dit is nie duidelik waarom die weiregte nie aan haar man Nicolaas Roets met wie sy op 4.3.1759 getroud is toegeken is nie. Hy is eers in 1796 aan die Sneeuberge oorlede. Daar bestaan vandag nog 'n plaas met die naam van Wagenboomsrivier in die noordelike deel van die Kouebokkeveld, suid van Citrusdal langs die pad na Ceres. Coornlands Cloof Barend vra op 4 Maart 1780 vir "Coornlands Cloof gelegen aande zyde van de Olifants Rivier" en kry dit op 17 Aug. 1780.

Keunje en die Kleyne Valley (1786)

Op 3 Februarie 1786 is aan Barend weiregte op die plase Keunje (Reunje) noordwes van Wagenboomsrivier en die Kleyne Valley (Kleinvallei) langs die Olifantsrivier 'n paar kilometer suid van die latere Citrusdal verleen. Die plaas is tans as Keunje 56 bekend. Pieter Gous wat in 1742 met Barend se suster Aletta

getroud is, het vanaf 1741 tot 1780 weiregte op Kleinvallei gehad. Hy is blykbaar na 1780 oorlede, want toe Aletta Lubbe in 1786 die agterstallige weiregtegelde daarop betaal het, het haar broer Barend die weiregte op die plaas van haar oorgeneem.

Skynbaar het Barend se Lubbe-familiebetrekkinge hulle alreeds in die Olifantsriviergebied - vandag Citrusdal se omgewing - gevestig voordat Barend op Kleinvallei aangekom het. Die reisiger Thunberg meld dat hy op sy reis in 1773 verskeie Lubbes langs die Olifantsrivier aangetref het. Dit is dus waarskynlik dat Barend saam met sy Lubbe-familiebetrekkinge na die Olifantsrivier (Citrusdal-omgewing) getrek het. Dit was weliswaar 'n algemene verskynsel in die 18de eeu dat families in groepe saam die binneland inbeweeg het.

Op 23 Maart 1790 het sy tweede oudste kind, sy seun b3c2 Alewyn Jacobus, die weiregte op die Kleinvallei van sy vader oorgeneem. Heemrade vergadering gehou vanaf 8 Mei 1795 te Graaf - Reinet: Op Saterdag 9 Mei 1795 rapporteer hulle dat "Alewyn Jacobus Vorster van de Groene Vally is tans woonagtig aan het Holifants Bad op een plaas van Barend Vorster de Oude sy vader wat oorlede is" Alewyn wat in 1772 getroud is, het hom reeds in 1773 aan die bolope van die Visrivier agter die Sneeuberge gevestig. Hy het heel waarskynlik weens die swak gesondheid van sy ouers die Sneeubergegebied in 1780 verlaat om die weiregte op die Kleinvallei van sy vader oor te neem. Na sy vader se dood het hy blykbaar verder op die plaas gewoon totdat hy in 1803 -1804 oorlede is. Sy testament is op 15 Maart 1799 opgestel en die Weesheer het dit op 1 November 1804 ontvang, blykbaar na hy oorlede is.

In die opgaafrol van 1791 en dié van 1793 meld Barend dat hy net een perd besit. Hy het dus na 1790 opgehou om te boer en is sy vee aan sy kinders oorgemaak. In die opgawe van 1791 kom sy naam net na dié van sy seun Alewyn Jacobus voor wat die vermoede versterk dat Barend en sy eggenote by dié seun ingewoon het. In die opgaafrol van 1791, kom na die naam van Barend ook die name van sy twee jonger ongetroude seuns, b3c10 Jacobus Adriaan en b3c11 Francois Christiaan voor. Die twee seuns was dus daardie tyd ook op Kleinvallei.

Tygerkloof (1750 - 1779)

1750 - Barend vra op 3 April 1750 vir "de Plaats Tygerkloof , overde Vier en Twintig riviere". Hy hernu die Huurpag op 28 Maart 1752, 17 April 1753, 23 April 1755 en op 3 April 1756. Op 28 Februarie 1756 betaal hy vir 3 jaar se besetting Rks.72. Die koop bedrag vir Tygerkloof was Rks 60.

Die ligging van die plaas word gegee as "Zuid na die plaats van Daniel Keyser, Wes na de Heunige Berg, Noord nade Coopmans Craal, Oost na het hoge gebergte". Die akteskantoor sê egter Zuid na Paul Keyser. Paul Keyser was getroud met Aletta Lubbe, ouer suster van Elisabeth Lubbe. Barend kry sy kaart en transport op 15 Desember 1763.

Sover dit aangeteken is, is Tygerkloof, geleë aan die Vier-en-twintigriviere, die eerste plaas waarop weiregte in 3 April 1750 aan Barend toegeken is. Op 1799 bestaan daar nog 'n plaas met die naam van Tigerkloof 164, oos van Piketberg aan die westelike uitlopers van die Olifantsrivierberge en dit behoort aan Willem van der Merwe. Die oorspronklike huis word nog bewoon deur Willem maar is natuurlik heelwat verander. Vier jaar na Barend se huwelik in 1746 het hy aansoek vir weiregte gedoen. Dit kan dus aangeneem word dat hy na sy huwelik eers by sy eggenote se ouers, die Smitte, of ander familiebetrekkinge gewoon het en saam met hulle noordwaarts getrek het. Hy was heel moontlik behulpsaam met hulle boerderye waardeur hy aanteelvee kon verdien en bekom het. In die opgaafrol van 1755 volg sy opgawe na die van sy skoonouers, Alewyn Smit en Hester Bekker. Dit versterk die vermoede dat hulle bymekaar of naby mekaar gewoon het.

Hoewel Barend in 1750 weiregte op Tygerkloof verkry het, maak hy in sy jaarlikse opgawes aan die Kompanjie tot en met 1755 geen melding van enige veebesit nie. In sy opgawe van 1759, dertien jaar na sy huwelik, gee hy slegs een perd en vyftien beeste op. Ten spyte van die karige besittings het hy toe al 'n slaaf besit. Dit is opvallend dat die veeboertrekkers in die 18de eeu byna almal een of meer slawe gehad het. Slawe het 'n integrale deel van hul huishoudings uitgemaak.

Volgens sy opgawe in 1764 het sy veekudde aangegroei tot 25 beeste en 300 skape en twee slawe. Hierdie opgawe volg direk na sy swaer b4c8 Johannes Petrus Smit, 'n jonger broer van Barend se eggenote. Hoewel dit algemeen aanvaar kan word dat die opgawes van koloniste oor die algemeen aan die konserwatiewe kant is, gee die opgawes tog 'n aanduiding van hul besittings. Twee jaar later (1766) word

Barend se veegetalle as 50 beeste en 250 skape aangegee.

Die Kompanjie het as 'n reël weiregte slegs vir een jaar aan 'n kolonis toegeken maar daar kon jaarliks om hernuwing daarvan gevra word. Dit het Barend trouens ook met sy weiregte op Tygerkloof gedoen. Dertien jaar later het hy op 15 Desember 1763 sestig morg op Tygerkloof as erfpageiendom van die Kompanjie verkry. Sedert 1679 was dit die beleid van die Kompanjie om slegs sowat 60 morg bewerkbare grond vir akkerbou en tuinbou doeleindes as erfpageiendom aan vryburgers toe te ken want hierdeur sou hulle aangemoedig word om meer permanent gevestig te raak. Hierop kon hulle ook vir hulle woongeriewe oprig. Die koste van hierdie opstalverbeterings kon van die volgende persoon wat die erfpagplaas oorneem, verhaal word. So het Frederik Liebenberg, toe hy op 17 Maart 1779 die erfpagregte op Tygerkloof van Barend gekoop het, met die goedkeuring van die Kompanjie, 'n sekere bedrag vir die opstal en ander verbeteringe aan Barend vergoed.

Op die sestig morg erfpaggrond op Tygerkloof wat hy van 1763 tot 1779 besit het, kon Barend vir hom en sy groot gesin 'n semi permanente woning en ander opstalgeriewe oprig. Op die ploegbare grond kon hy koring en ander graangewasse en groente en vrugtebome kweek sodat hy aan die voedselbehoefte van sy gesin kon voorsien, miskien kon hy van sy oorskotplaasprodukte aan die Kompanjie verkoop het. Tygerkloof lê in die winter reëngebied sodat die somers maar droog was. Miskien het hy van die waters uit die klowe van die Olifantsrivier opgegaan om in die somer groente en ander gewasse onder besproeiing te verbou.

Pietersklip (1761 - 1763) en Carbouw (1762 - 1763)

Tydens sy verblyf op Tygerkloof het hy vir 'n jaar of twee ook weiregte op twee ander plekke in die omgewing verkry, nl. op Pietersklip (1761-1763) ten noorde van Tygerkloof en op Carbouw (1762-1763) noordoos van Tygerkloof. Op 23 Februarie 1763 gee Mathys Taute, as lashebbende van Barend kennis dat hy die plaas Pietersklip verlaat. Op 23 Augustus 1762 vra Barend "de plaats Cardouw, over de Vier en Twintig riviere, de verlate plaats van Jacobus Gildenhuys" aan. Weens die droë somers was die weiding op Tygerkloof bepaald swak en was hy

dus genoodsaak om op ander plekke bykomende weiding te bekom veral waar hy ook miskien vee van ander persone versorg het. In 1779 toe Barend Tygerkloof verlaat het, het sy veekudde volgens die jaar se opgaafrol uit 35 beeste en 200 skape bestaan, heelwat minder as in sy opgawe in 1766. Sy veeboerdery was na al die jare op Tygerkloof maar betreklik klein. In 1779 was sy vier oudste seuns alreeds getroud en dit kan aangeneem word dat hy heelwat aanteel vee as trougeskenke aan hulle gegee het. Daarby het veesiektes en ongediertes jaarliks hul tol geeis. Veerowery deur Boesmans het gedurig ook maar plaasgevind.

VII. Kinders van Barend en Dorothea

Hulle het 13 kinders, 10 seuns en drie dogters gehad. Hul agste kind b3c8 Johannes Stephanus, gedoop 10 April 1762, is blykbaar baie jonk oorlede, want hul negende kind, wat op 16 Januarie 1765 gedoop is, het dieselfde voorname ontvang. Twaalf van die dertien kinders van Barend is heel waarskynlik tydens sy verblyf op die plaas tygerkloof waarop hy van 1750 tot 1779 weiregte besit het, gebore. Die oudste kind c1, Barend Johannes is in 1748 op Tulbagh gedoop, d.w.s. twee jaar voordat hy weiregte op Tygerkloof bekom het.

Al die kinders is op Tulbagh gedoop. Miskien het hy al die tyd op Tulbagh gewoon, voordat hy amptelik weiregte daarop verkry het. Die jongste kind, c13 Gerrit Hendrik, is in 1774 gedoop.

Kinders	Doop datum	Huweliks datum	Eggenote(s)
c1Barend Johannes	14.4.1748	25. 2.1770 23.5.1790	Cecilia van Heerden Levina Catharina Steenkamp
c2Alwyn Jacobus	8.9.1750	1.11.1772	Gerebrecht Christina Pretorius
c3Schalk Willem	10.10.1752	10.4.1773	Anna Sophia Burger
c4Andries Petrus	6.10.1754	19.10.1776	Elisabeth Oberholster
c5 Hester Alida	1.8.1756	10.4.1773 2.5.1777	Willem van Heerden Schalk Jacobus Burger
c6Elisabeth Helena	3.9.1758	3.8.1777	Pieter Schalk van Heerden
c7Johanna Adriana	6.7.1760	14.1.1777	Willem Schalk van Heerden
c8Johannes Stephanus	10.4.1762 Jonk oorlede.		
c9Johannes Stephanus	6.1.1765	15.5.1785	Anna Claudia du Plessis
c10Jacobus Adriaan	11.1.1767	24.2.1788	Martha Lubbe
c11Francois Christiaan	1.10.1768	14.5.1793	Anna Catharina van Niekerk
c12 Marthinus Christoffel	6.7.1771	26. 4.1789	Hester Helena Lubbe
c13Gert Hendrik	2.4.1774Jonk oorlede.		

VIII. Onderwys van Barend

Slegs kinders en jong mense wat naby 'n kerkplek gewoon het, het onderrig van 'n sieketrooster ontvang. Heel moontlik het Barend in sy kinderjare, toe sy ma of 'n familielid onder wie se sorg hy was, in die nabyheid van die Paarl kerk gewoon het, vir 'n kort tydjie deur die sieketrooster geleer het om te lees en te skryf. Hy het ook natuurlik Bybel en kategismus onderrig ontvang sodat hy darem ten minste die Statebybel kon lees en genoeg skrif en kategismus kennis opgedoen het om belydenis van sy geloof te kon aflê. Volgens sy handtekening onderaan 'n leningsplaasooreenkoms met die Kompanjie in 1779, skyn dit of hy darem kon geskryf het. Indien hy nie die geleentheid gehad het om onderrig by 'n sieketrooster te kon ontvang het nie, is hy miskien deur 'n familielid of iemand anders by wie hy as jongman in diens was geleer om te lees en te skryf, ens.

IX. Sterfdatum van Barend Vorster

Die laaste keer dat Barend se naam in die opgaafrolle voorkom is in dié van 1793 wat tussen 30 April en 2 Mei 1793 voltooi is. In die opgaafrol van 1794 (29 April - 2 Mei) verskyn net die naam van Barend se weduwee. Hieruit kan dus afgelei word dat hy na 2 Mei 1793 en voor 29 April 1794 oorlede is, op 'n ouderdom van 67-68 jaar en dat hy heel moontlik ook op Kleinvallei begrawe is. Daar bestaan ongelukkig geen ander rekord van sy sterfdatum nie.

Barend se weduwee se naam verskyn die laaste keer in die opgaafrol van 1794, sodat dit dus aangeneem kan word dat sy na 2 Mei 1794 oorlede is, in haar sestigerjare. In die opgaafrol van 1794 verskyn haar naam net na dié van haar seun Alewyn Jacobus sodat dit aanvaar kan word dat sy by haar seun en skoondogter ingewoon het na die dood van haar eggenoot Barend.

X. Slotopmerking

Weliswaar is daar maar min oor die lewe van Barend Vorster bekend en die versoeking om te veel daaroor te bespiegel moet weerstaan word. Uit die doop en huweliksregisters van die betrokke kerke, wat in die Kaapse argief bewaar is, kon Barend se doop en huweliksdatum en die naam van sy eggenote, nl. Dorothea Maria Smit, vasgestel word. In die doopregisters van die Tulbagh kerk is die doopdatums en die name van hul kinders asook die name van die persone wat as doopgetuie opgetree het opgeteken. Die sterfdatum van Barend en sy eggenote kon dus so naasteby bereken word.

In die Kaapse Argiefbewaarpark kon ook die name van die plase waarop Barend weiregte bekom het en uit die opgaafrolle die getal beeste en skape wat hy besit het, verkry word. Uit ander bronne kon die lewensomstandighede van die veeboerpioniere van die 18de eeu ook in hoofsaak vasgestel word. Verdere inligting oor die lewe van Barend is nie gevind nie. Barend, die tweede Vorster stamvader was die eerste van die Vorster voorgeslagte wat in die 18de eeu saam met ander veeboertrekkers die binneland in beweeg het. Hy het egter nie verder as die noordelike deel van die Kouebokkeveld die land ingetrek nie. Sy seuns het egter in die sewentiger en

tagtigerjare van die 18de eeu saam met ander koloniste die trek die binneland in voortgesit totdat hulle die Sneeuberge bereik het en vandaar het sommige van hulle mettertyd na ander dele van die binneland versprei.

Die merkwaardige in die lewe van Barend is dat hy nog skaars vier jaar oud was toe sy vader oorlede is, en dat hy dus sonder 'n vader en sonder enige besittings en opleiding die lewe moes aandurf. Heel moontlik het hy op jeugdige ouderdom by 'n Lubbe familielid ingewoon of is hy deur 'n ander veeboertrekker in diens geneem om met hul veeboerdery behulpsaam te wees en so algaande het hy ook geleer om te boer. Met sy huwelik in 1746 en enige jare daarna het hy en sy eggenote heel waarskynlik by sy skoonvader, Alewyn Smit, gewoon om hom met sy veeboerdery te help. So kon hy op die wyse mettertyd 'n paar stuks vee verdien en bymekaar maak. Eers 13 jaar na sy huwelik in 1759 word in die jaar se opgaafrol gemeld dat hy vyftien beeste besit het, hoewel hy alreeds in 1750 weiregte op die plaas Tygerkloof bekom het. Dit laat die vermoede ontstaan dat hy van 1750 met vee van sy skoonvader, of/en van sy eggenote se broers geboer het om op die manier aanteelvee van hulle te verdien. In die opgawes van latere jare blyk dit dat hy nooit meer as vyftig beeste en drie honderd skape besit het nie. Dit is dus duidelik dat Barend nooit 'n groot en sterk veeboer geword het nie. Veeboere het destyds groot veeverliese gely as volg van veesiektes, ongediertes en rowery deur Hottentotte en Boesmans. Verder moet in aanraking geneem word dat Barend en Dorothea 'n groot kroos van 13 kinders gehad het, waarvan 12 later in die huwelik getree het. Aan al die kinders, veral aan die nege seuns, moes hy aanteelvee voorsien sodat hulle na hulle huwelike op hul eie 'n boerderytjie aan die gang kon sit.

Dit is dus opvallend dat waar hy met baie min aardse goedere begin het, het hy en sy eggenote deur hardwerkendheid en spaarsaamheid tog 'n veekudde opgebou, sodat hulle selfstandig kon boer en dat hulle 'n talryke kroos kon versorg het. Hulle het vanselfsprekend ook 'n baie eenvoudige en selfversorgende bestaan gevoer.

Hoofstuk 4

I. Embleem



Die Vorster familiewapen wat hier geïllustreer word, kom vanaf Cor Pama se boek Die Groot Afrikaanse Familienaam boek.

Die betekenis van Vorster, is bosbouer. Die huidige familie wapen van Vorster is 'n toespeling op die betekenis van die van. Die wapen was in 1945 herontwerp tot soos dit vandag lyk. Die wapen bestaan uit 'n eike takkie met een akker en twee blare van groen in 'n goue agtergrond. Langs laasgenoemde is 'n Franse lelie van goud in 'n roesrooi agtergrond. Onder, met 'n silwer agtergrond, 'n groen boom op grasgrond en 'n roesrooi springende hert voor die boom. Bokant die silwer helmteken is 'n uitkomende rooi hert. Die dekklede is rooi en goud.

Daar word ook reeds in 1361 in St. Gallen, Duitsland genoem van 'n Vorster wapen wat 'n variasie van groen, swart en pers was met 'n opstaande silwer agtige beer. Dan is daar ook in 1275 gedokumenteer in Thurgau, Duitsland, van 'n wapen wat bestaan het uit 'n silwer agtige swart opstaande beer. Laasgenoemdes was nie noodsaaklik 'n familie wapen nie maar moontlik as identifikasie gebruik tussen verskillende stamme. Die huidige embleem skep die indruk van Vorster se afkoms vanaf 'n bosbouer

(Forester). Dit word natuurlik bevestig deur 'n Duitse vertaling wat die oorsprong van name verduidelik

II. Erkenning

Die volgende persone is tans besig met navorsing van die Vorster familie en het alreeds baie groot bydrae gelewer. Spesiale erkenning moet ook gegee word aan Dr. Pieter Willem Vorster wat aanvanklik baie impak gelewer het oor die geskiedenis van die Vorsters aan die Kaap. (1906- : b3c1d15f5g4h1).

Bingle Brits, nee Vorster, het aanvanklik met minimum bronne en telekominikasie die basis van verskeie Vorsters saamgestel van waar vandag se data basis afkomstig is.

Roelf Vorster het baie tyd geneem om ou data basisse om te skakel na 'n moderne data basis vanwaar daar maklik aangeheg en opgebou kon word. Hy het ook groot bydrae gelewer tot my eie kwartierstaat.

John Vorster wat tans die data basis onderhou en ook as borg optree vir die geregistreerde, URL, vorster.net.

Dan is daar ook verskeie persone wat daagliks bydrae lewer deur hulle persoonlike besonderhede van hulself en gesinne deur te e-pos.

'n Projek soos hierdie is aleenlik suksesvol deur samewerking van alle belangstellings.